**31 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 100:1-5**
**Fokusgedeelte: Psalm 100:1-2**
**HK, Vraag 90**

## Die nuwe mens staan op!

Dien die Here met ’n glimlag, met blydskap.

So staan die nuwe mens op, met ’n hartlike vreugde in God deur Christus. Ons kan tot eer van die Here juig uit dankbaarheid vir sy groot liefde vir ons in Christus. In Johannes 3:16 word die liefde so verwoord: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.” So groot is die genade en liefde in Christus vir ons dat ons ’n lus en liefde het om God te dien volgens sy wil. Ons dien die Here met blydskap, met dankliedere, met lofsange, ons dank Hom en ons prys sy Naam, want die Here is goed vir ons.

As ons volgens sy wil leef, erken ons dat Hy God is en dat Hy altyd die beste vir ons wil gee, wat ons omstandighede ook al mag wees. Sy wil alleen is goed vir ons. In Klaagliedere 3 word die oneindige liefde van die Here en sy trou van geslag tot geslag wonderlik besing!

Uit dankbaarheid wil ons in alle goeie werke lewe en wil ons as nuwe mense God onvoorwaardelik dien.

*Ds. W Vogel (Cachet)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~